Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2024

EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B ✓✓ (ceteris paribus)

1.1.2 B ✓✓ (bo die middelpunt)

1.1.3 D ✓✓ (duopolie)

1.1.4 D ✓✓ (TI)

1.1.5 A ✓✓ (toenemende produktiwiteit)

1.1.6 C ✓✓ (kommunikasie)

1.1.7 A ✓✓ (Basel-konvensie)

1.1.8 C ✓✓ (omgewingsvolhoubaarheid) (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1 F ✓ Produkte wat dieselfde is in styl, ontwerp en kwaliteit

1.2.2 A ✓ Kan nie verhaal word indien ’n firma besluit om die mark te verlaat nie

1.2.3 H ✓ Wanneer MK = MI

1.2.4 E ✓ Goedere wat die samelewing voel, is voordelig om te verbruik, maar is onderverskaf deur die mark

1.2.5 G ✓ Monetêre beleidsbenadering wat deur die SARB gebruik word om prysveranderinge binne 3–6% te hou

1.2.6 C ✓ Toeriste kom besoek museums en kunsgalerye

1.2.7 D ✓ Die regering handhaaf die voorraadvlakke van die omgewing hulpbronne deur die uitreiking van permitte en kwotas

1.2.8 B ✓ Die verskeidenheid plant- en dierelewe in ’n bepaalde habitat.

(8 x 1) (8)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Mededingings-appèlhof ✓

1.3.2 Handelsmerke ✓

1.3.3 Koste-voordeel-analise ✓

1.3.4 Stagflasie ✓

1.3.5 Wêrelderfenisgebied ✓

1.3.6 Bevel-en-beheer ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van monopolieë in Suid-Afrika.**

- ESKOM ✓
- DENEL ✓
- Die Poskantoor
- ACSA ✓
- TRANSNET ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe word kunsmatige monopolieë teen mededinging beskerm?**

- Kunsmatige monopolieë word deur wetgewing, reëls en regulasies van kompetisie beskerm. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die gemiddelde inkomste (GI) in die tabel hierbo.**

- Prys 10 ✓ (1)

2.2.2 **Hoe word marginale inkomste bereken?**

- MI = verandering in totale inkomste ÷ verandering in hoeveelheid ✓
- ΔTI/ΔH ✓
- Marginale inkomstekurwe ✓ ÷ marginale kostekurwe ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *gemiddelde koste*.**

- Gemiddelde koste is die koste per eenheid van produk verkoop ✓/ is die koste van ʼn enkele eenheid produk. ✓ (2)

2.2.4 **Waarom is die marginale inkomste dieselfde as die gemiddelde inkomste onder perfekte marktoestande?**

- Marginale inkomste is dieselfde as die gemiddelde inkomste omdat ʼn perfekte mededinger nie die prys hoef te verlaag om meer te verkoop nie. ✓ ✓
- Marginale inkomste is dieselfde as die gemiddelde inkomste omdat ʼn perfekte mededinger ʼn prysnemer is en ʼn horisontale vraagkurwe in die gesig gestaar. ✓✓ (2)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

2.2.5 **Teken 'n grafiek wat winsmaksimering met behulp van die marginale koste en marginale inkomstekurwes onder perfekte marktoestande aandui.**

Puntetoekenning:
1 punt vir die etikettering van die asse.
1 punt vir die korrekte tekening en etikettering van MK- en MI-kurwes
2 Punte vir korrekte aanduiding van



(4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer die markstruktuur in die bostaande grafiek.**
- Oligopolie ✓ (1)

2.3.2 **Noem die boonste segment (AB) in die grafiek.**
- Relatief elasties ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf die term kortliks *stilswyende samespanning.***
- Stilswyende samespanning verwys na 'n situasie waar 'n dominante firma die prys van 'n produk verhoog en ander firmas sal volg. Dit staan ook as prysleierskap bekend. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Hoe raak prysvasstelling produsente?**
- Prysvasstelling beïnvloed produsente negatief omdat hulle minder eenhede sal moet produseer, selfs al kan hulle meer produseer. ✓✓
- Produsente sal inkomste verloor omdat hulle minder produseer. ✓✓
- Daar kan van produsente verwag word om van hul werknemers af te lê omdat hulle hul produksie verminder het. ✓✓ (2)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

2.3.5 **Hoekom is dit raadsaam vir oligopoliste om teen markprys te verkoop?**

- Oligopoliste word aangeraai om teen markprys te verkoop, want as hulle hul pryse verhoog, sal hulle met 'n relatief elastiese vraagkurwe gekonfronteer word. ✓✓
- Bo die markprys sal die verandering in prys tot 'n groter verandering in hoeveelheid gevra lei en hulle sal inkomste verloor. ✓✓
- As hulle hul pryse verlaag, sal hulle word met 'n relatief onelastiese vraagkurwe gekonfronteer. ✓✓
- Onder die markprys sal die verandering in prys tot 'n klein verandering in hoeveelheid gevra lei en hulle sal minder inkomste maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen 'n *individuele besigheid* en *die bedryf*.**

INDIVIDUELE BESIGHEID	BEDRYF
• Dit is 'n enkele firma wat 'n homogene produk produseer en verkoop ✓✓. • Die individuele firma is 'n prysnemer en verkoop teen die markprys wat in die bedryf bepaal word. ✓✓	• Dit is 'n groep individuele ondernemings wat identiese produkte verkoop. ✓✓ • Die bedryf stel die markprys deur die markkragte van vraag en aanbod vas. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite.) (maks. 8) (4 x 2) (8)

2.5 **Waarom moet monopolistiese mededingers hul produkte adverteer?**

- Inligting onder monopolistiese mededinging is onvolledig, advertensies is doelbewuste pogings om inligting aan voornemende kopers te voorsien. ✓✓
- Monopolistiese mededingers se produkte word gedifferensieer, dit vereis advertensies om die vraag na hul produkte te verhoog. ✓✓
- Hulle moet hul pryse van hul gedifferensieerde produkte regverdig en die mededingende prys minder elasties maak. ✓✓
- Verskille in produkte kan denkbeeldig wees, monopolistiese gebruik anders handelsname of verpakking om gedifferensieerde produkte te skep wat presies dieselfde basiese bestanddeel bevat. ✓ ✓
- In baie gevalle ding monopolistiese mededingers in terme van nie-prys kompetisie strategieë mee, ✓✓ bv. dienste, na-verkope dienste, ens.
- Die doel van advertensie is om 'n lojale verbruikersgroep op te bou wat hul handelsmerk bo dié van enige ander produsent kies. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte en relevante antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite.) (4 x 2) (8)

[40]

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting.**

- BTW ✓
- Aksynsbelasting/Sondebelasting ✓
- Doeaneregte ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is die bewaring van niehernubare hulpbronne belangrik?**

- Die bewaring van natuurlike hulpbronne is belangrik om te verseker dat toekomstige geslagte toegang tot hierdie hulpbronne het om goedere en dienste te produseer en te verbruik. ✓✓
- Die produksie van goedere en dienste sal help met werkskepping en verligting van armoede. ✓✓
- Dit sal ook help met volhoubare ontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die Wêrelderfenisterrein in die uittreksel hierbo**.

- Tafelberg ✓ (1)

3.2.2 **Noem enige EEN omgewings Wêrelderfenisterrein.**

- iSimangiliso Vleilandpark (ekosisteme) ✓
- Kaapse Fynbosstreek ✓
- uKhahlamba Drakensbergpark ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *toerisme.***

- Toerisme verwys na die aktiwiteite van mense wat buite hul gewone omgewing vir ontspanning of besigheid reis maar nie vir meer as ’n jaar sonder om ’n inkomste te verdien nie. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Hoe kan ekotoerisme die omgewing bevoordeel?**

- Toerisme bevoordeel die omgewing wanneer Suid-Afrika dit gebruik as rede vir omgewingsbewaring, soos byvoorbeeld ons nasionale parke. ✓✓
- Ons Wêrelderfenisterreine is internasionale toeriste-aantreklikhede, en hulle het streng reëls vir bewaring. ✓✓
- Daar sal beter beskerming van skaars plante en diere wees as gevolg van die belangstelling wat toeriste in hulle het. ✓✓
- Toerisme bied ook opvoedkundige geleenthede aan om ervaring oor die beskerming van die omgewing te ervaar. ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

3.2.5 **Evalueer hoe die Suid-Afrikaanse toerismeprofiel gebruik word om toerisme-aktiwiteite in Suid-Afrika te bevorder.**

- Nuwe besienswaardighede is veral op landelike gebiede ontwikkel om toeriste te lok. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse regering in vennootskap met SANRAL onderhou en ontwikkel vervoerinfrastruktuur veral in landelike gebiede. ✓✓
- Kommunikasie-infrastruktuur in die vorm van 5G word in townships deur verskeie diensverskaffers geïnstalleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer enige EEN groot omgewingsprobleem uit die uittreksel.**

- Klimaatsverandering ✓
- Gronderosie (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 **Noem 'n internasionale maatreël wat gebruik word om biodiversiteitsverlies aan te spreek.**

- Die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies √/CITES ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *bewaring.***

- Bewaring verwys na metodes wat geneem word om te verseker dat sekere nie-hernubare hulpbronne word nie met uitwissing bedreig nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 **Hoe veroorsaak eiebelang dat markte misluk om die omgewing te bestuur?**

- Individue sorg dikwels vir wat aan hulle behoort en is onverskillig wanneer die omgewing gebruik word omdat dit 'n algemene hulpbron is en aan almal behoort wat dit gebruik. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.5 **Hoe beïnvloed gronderosie die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief?**

- Gronderosie is die verwydering van bogrond as gevolg van natuurlike kragte soos reën en wind en dit kan tot onvrugbaarheid van die grond lei. ✓✓
- Onvrugbare grond verminder die produktiwiteit en dit sal tot voedselonsekerheid en verlaagde lewenstandaard lei. ✓✓
- Die bydrae van die primêre sektor tot ekonomiese groei sal as gevolg van verminderde produktiwiteit van grond afneem. ✓✓
- Boere sal inkomste verloor en sommige werkers sal afgelê word. ✓✓
- Die vraag na goedere en dienste sal negatief beïnvloed word as gevolg van verhoogde werkloosheid en verminderde inkomste. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

3.4 **Bespreek kortliks die redes vir groei in die plaaslike toerismebedryf.**

- Verhoogde besteebare inkomste stel Suid-Afrikaners in staat om na plaaslike bestemmings te reis. ✓✓
- Minder werksure, so meer tyd om te reis, gepaard met die bewustheid van toeriste-aantreklikheidsgebiede, help om toerisme-aktiwiteite plaaslik en in die buiteland te verbeter. ✓✓
- 'n Bewustheid van ontspanning deur verhoogde advertering en bevordering van toeristebestemmings het gehelp om binnelandse toerisme te verbeter. ✓✓
- Verbeterde vervoer, kommunikasie en akkommodasiegeriewe.
- Geniet die voordele van vakansie en reis. ✓ ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
('n Maksimum van 4 punte sal gegee word vir blote notering.) (4 x 2) (8)

3.5 **Waarom is die toekenning van eiendomsreg effektief in die bereiking van omgewingsvolhoubaarheid?**

- Die bewaringseffek: mense sorg vir dinge wat aan hulle behoort, om te voorkom dat fauna en floraspesies uitsterf, kry mense eiendomsreg as hulle instem om die flora en fauna te bewaar. ✓✓
- Eiendomsreg kan na algemene goedere uitgebrei word, byvoorbeeld skoon lug, diegene wat aan besoedeling blootgestel word, kan die besoedelaars aankla vir hul reg teen om te besoedeling. ✓✓
- Die Kioto-protokol is 'n internasionale ooreenkoms waardeur ontwikkelde lande finansiële hulp aan ontwikkelende lande verleen omdat dit minder besoedeling veroorsaak. ✓✓
- Eiendomsreg is baie belangrik omdat dit verseker dat hulpbronne doeltreffend in die ekonomie toegewys word en negatiewe eksternaliteite wat individue en ander besighede benadeel, beperk word. ✓✓
- Die vrye mark waarborg nie dat die lug wat ons inasem gesond is of dat die water wat ons drink nie besmet is nie. ✓ ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde.)
(4 x 2) (8)

[40]

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE toestande van 'n perfekte mark.**

- Baie kopers en verkopers ✓
- Homogene produk ✓
- Geen beperkings op toegang en uitgang nie ✓
- Perfekte inligting ✓
- Geen beheer oor die prys/ prysnemers nie ✓
- Tegniese en toewysende doeltreffendheid ✓
- Samespanning is nie moontlik nie ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe beïnvloed appresiasie van die rand inkomende toeriste?**

- Die waardering van die rand sal 'n dalende effek op inkomende toerisme hê omdat buitelandse toeriste meer vir binnelandse pryse sal betaal. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die skadu-area in die grafiek hierbo.**

- Ekonomiese verlies ✓ (1)

4.2.2 **Watter kromme verteenwoordig die gemiddelde inkomstekurwe?**

- Vraagkurwe / V ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *natuurlike monopolie.***

- Natuurlike monopolie verwys na monopolie wat as gevolg van hindernisse wat ekonomies van aard is, soos hoog ontwikkelingskoste bestaan. ✓✓ (2)

4.2.4 **Waarom is die grafiek hierbo tipies van 'n korttermyn-ewewigsposisie?**

- Omdat monopoliste op kort termyn ekonomiese verlies maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.5 **Gebruik die inligting in die grafiek hierbo om die totale koste te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

- Totale koste = gemiddelde koste x hoeveelheid ✓
- R10 ✓ x 100 ✓
- R1 000 ✓ (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer EEN oorsaak van klimaatsverandering uit die uittreksel hierbo.**

- Kweekhuisgasse ✓ (1)

4.3.2 **Noem 'n internasionale ooreenkoms wat om die produksie van gasse wat klimaatsverandering veroorsaak, beperk.**

- Kioto-protokol ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term b*esoedeling.***

- Besoedeling verwys na die blootstelling van afval in die omgewing. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Verduidelik hoe aardverwarming klimaatsverandering tot gevolg kan hê.**

- Aardverwarming beïnvloed die wêreld se weerpatrone wat uiterste temperature en 'n verandering in reënvalpatrone insluit ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.5 **Hoe kan energiebesparing 'n positiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê?**

- Energiebesparing sal die nodige volume van ingevoerde primêre energiebronne, veral ru-olie verlaag en dit sal 'n positiewe impak op die betalingsbalans hê. ✓✓
- Dit sal die robuustheid van Suid-Afrika se energiesekerheid verbeter en sal die land se veerkragtigheid teen onderbrekings in eksterne energievoorsiening en prysskommelings verbeter. ✓✓
- Energiebesparing sal met werkskepping en met die verbetering van die lewenstandaard help. ✓✓
- Namate doeltreffendheid toeneem, daal die produksiekoste oor die algemeen en met lae produksiekoste, kan die koste van goedere en dienste vir verbruikers ook afneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

4.4 **Beskryf kortliks die doelwitte van die Suid-Afrikaanse mededingings-beleid.**

- Voorkom die misbruik van ekonomiese magsvorming van monopolieë. ✓✓
- Reguleer die groei van markkrag deur middel van oornames en samesmeltings ✓✓
- Voorkom beperkende praktyke, veral deur oligopolis soos regstelling van verkooppryse, samespanning en prysdiskriminasie ✓✓
- Verbeter die doeltreffendheid in die mark deur wetgewing ✓✓
- Bevorder gesonde mededinging tussen besighede ✓✓
- Beskerm die verbruiker teen onbillike pryse en minderwaardige produkte vir byvoorbeeld deur die Wet op Mededinging ✓✓
- Dra tot Suid-Afrika se ontwikkelingsdoelwitte by om te verseker dat alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede het om regverdig aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem. ✓✓
- Hulle verbeter ook aandele in die mark, byvoorbeeld deur die Wet op Gelyke Indiensneming / maak KMMO's moontlik ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte moet toegeken word vir blote lys van feite) (maks. 4)

(4 x 2) (8)

4.5 **Verduidelik die positiewe impak van die gebruik van omgewingsbelasting op omgewingsvolhoubaarheid.**

- Omgewingsbelasting hou baie belangrike voordele in, soos omgewingsdoeltreffendheid, ekonomiese doeltreffendheid, die vermoë om openbare inkomste te verhoog en deursigtigheid. ✓✓
- Omgewingsbelasting is al suksesvol gebruik om 'n wye reeks kwessies, insluitend afvalverwydering, waterbesoedeling en lugvrystelling te adresseer. ✓✓
- Hulle internaliseer die negatiewe eksternaliteite en bevorder energie besparing en die gebruik van hernubare bronne. ✓✓
- Hulle ontmoedig anti-ekologiese gedrag. Hulle motiveer maatskappye om in volhoubaarheid te innoveer. ✓✓
- Omgewingsbelasting/Groen belasting is bedoel om individue, besighede en nywerhede aan te spoor om meer volhoubare praktyke, aan te neem besoedeling te verminder en natuurlike hulpbronne te bewaar. ✓✓
- Deur omgewingsskadelike aktiwiteite of produkte te belas, poog regerings om hulle minder ekonomies aantreklik te maak terwyl alternatiewe aan te moedig wat 'n laer omgewingsimpak het. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite.)

(4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING C

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

Bespreek in detail die faktore wat tot die wantoewysing van hulpbronne in die mark lei. (26 punte)

Evalueer die impak van KOV op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte)

INLEIDING

Markmislukking is wanneer die kragte van vraag en aanbod nie hulpbronne doeltreffend toewys nie. ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (2)

LIGGAAM: HOOFDEEL

Ontbrekende markte
- Markte is onvolledig omdat hulle nie aan die vraag na sekere goedere kan voorsien nie. ✓✓
- Openbare goedere (gemeenskaps- en kollektiewe goedere) is in groot aanvraag, maar word nie deur die mark as gevolg van die lae wins daaruit en die koste van kapitaal wat nodig is om te voorsien, verskaf nie. ✓✓
- Aangesien private produsente nie hierdie goedere teen wanbetaling kan weerhou nie, is hulle huiwerig om hierdie goedere te verskaf. ✓✓
- Die regering verskaf dus hierdie goedere en dienste. ✓✓

Openbare goedere
- Dit sluit gemeenskaps- en kollektiewe goedere in en het twee kenmerke: ✓
- Nie-wedywering: Verbruik deur een persoon verminder nie verbruik deur ’n ander individu nie ✓✓ bv. ’n vuurtoring. ✓
- Nie-uitsluitbaarheid: Verbruik kan nie beperk word tot diegene wat daarvoor betaal nie ✓✓ (niebetalers kan dit gebruik) ✓✓ bv. radio en televisie. ✓
- Sosiale voordele oortref privaat voordele, byvoorbeeld gesondheidsorg en onderwys. ✓✓
- Nie-verwerpbaarheid: Individue kan hulle nie van verbruik weerhou nie, byvoorbeeld straatligte. ✓
- Deurlopende verbruik, byvoorbeeld verkeersligte. ✓

Gemeenskapsgoedere
- Dit is goedere soos verdediging, polisiedienste, gevangenisdienste, straatbeligting, vloedbeheer, stormwaterdreinering en vuurtorings. ✓✓

Kollektiewe goedere
- Dit is goedere soos parke, strandgeriewe en strate. ✓✓
- Markte is onvolledig en kan nie in die vraag na alle goedere voorsien nie. ✓✓
- Die regering verskaf openbare goedere wat bestaan uit vuurtorings, parke, paaie, brûe, ens. ✓✓

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Merietegoedere
- Dit is hoogs in aanvraag vir algemene welvaart, maar nie hoog aangeslaan deur die mark nie, bv. gesondheidsorg, onderwys en veiligheid. ✓✓
- As mense die markprys vir hulle moes betaal, sou baie min verbruik word. ✓✓
- Die mark sal misluk omdat die mark minder as die verlangde hoeveelheid produseer. ✓✓

Niemeriete goedere
- Dit is oorverbruikte goedere, byvoorbeeld sigarette en alkohol, dus word meer goedere geproduseer as wat sosiaal aanvaarbaar wenslik is. ✓✓
- Die regering verbied of verminder die verbruik van hierdie produkte deur belasting en verskaf inligting aan die bevolking oor die skadelike gevolge daarvan. ✓✓

Gebrek aan inligting
- Verbruikers, werkers en entrepreneurs het nie die nodige inligting om rasionele besluite neem nie. ✓✓
- Dit lei daartoe dat hulpbronne nie doeltreffend toegewys word nie. ✓✓
- Verbruikers om hul voordele te maksimeer, verbruikers benodig gedetailleerde inligting oor goedere en dienste. ✓✓
- Alhoewel tegnologie dit aan die verbruiker bied, het hulle vanselfsprekend nie perfekte inligting nie. ✓✓
- Werkers is dikwels onbewus van werksgeleenthede. ✓✓
- Entrepreneurs het nie inligting oor koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van produksiefaktore nie, wat hul doeltreffendheid beïnvloed. ✓✓

Onbeweeglikheid van produksiefaktore
- Arbeid neem tyd om van een gebied na ʼn ander te beweeg en dit neem tyd om te verander aangesien die opleiding van arbeid duur is. ✓✓
- Die aanbod geskoolde arbeid kan nie verhoog word nie as gevolg van die tyd wat dit neem om opgelei of opgevoed te word. ✓✓
- Fisiese kapitaal soos fabrieksgeboue of infrastruktuur soos telefoonlyne kan nie maklik herverdeel word nie. ✓✓
- Strukturele veranderinge soos ʼn verandering van die vervaardiging van plastiekpakkies na papierpakkies of verskuiwing van arbeidsintensiewe produksie na rekenaargebaseerde produksie vereis ʼn verandering in arbeiders vaardighede indiensneming en werkpatrone. ✓✓

Eksternaliteite ✓
- ʼn Eksternaliteit vind plaas wanneer sommige van die koste en voordele van ʼn besluit of aksie gedra of geniet word deur tweede of derde partye wat nie deel van of direk betrokke by die besluitneming was nie. ✓✓

Privaat koste ✓
- Interne koste staan as private koste bekend en dit is die gewone koste wat verbruikers aan gaan wanneer hulle goedere koop, byvoorbeeld die prys wat hulle vir ʼn produk betaal. ✓✓
- Die private koste van die besigheid is hul vaste en veranderlike koste – hul dag-tot-dag uitgawes. ✓✓

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Privaat voordele (interne voordele)

- Dit is die voordele wat verkry word deur diegene wat die goedere koop en diegene wat die goedere produseer. ✓✓
- Vir die verbruiker sluit dit die gerief in om die produk te geniet, en vir die produsent sluit dit die inkomste en wins in wat hy ontvang uit die verkoop van die produk. ✓✓

Sosiale koste ✓

- Dit is die koste van goedere of dienste aan diegen wat dit skep en aan die samelewing in die algemeen. ✓✓
- Dit sluit die produksiekoste in, maar ook die bykomende koste van besoedeling en die afvalprodukte (eksterne koste – negatiewe eksternaliteite).
- Geen waardes word aan hierdie ekstra (eksterne) koste gegee nie, want geen mark bestaan om dit te prys nie. ✓✓
- Privaat koste plus eksterne koste is gelyk aan sosiale koste. ✓✓

Sosiale voordele ✓

- Verbruikers betaal vir private voordele hoewel die samelewing trek oor die algemeen voordeel uit minder siektes, ’n gesonder arbeidsmag kan meer produktief werk en is minder afwesig van die werk (eksterne voordele – positiewe eksternaliteite) ✓✓
- Wanneer munisipaliteite skoon water aan huishoudings verskaf, betaal huishoudings slegs vir die private voordeel. ✓✓
- Privaat voordele plus eksterne voordele is gelyk aan sosiale voordele. ✓✓
- Omdat eksternaliteite in produksie en verbruik dikwels bestaan en uitset is gewoonlik op private koste en voordele gebaseer, is dit ’n oorsaak van markmislukkings. ✓✓

Onvolmaakte mededinging ✓

- Onder sekere omstandighede sal ’n perfek mededingende mark ’n punt van allokatiewe doeltreffendheid bereik. ✓✓
- Firmas produseer die regte produk teen die regte prys en die regte hoeveelheid en doen dit doeltreffend, aangesien slegs doeltreffende ondernemings sal oorleef. ✓✓
- In markekonomieë word mededinging deur krag benadeel. Krag lê meer by produsente as verbruikers. ✓✓
- Meeste besighede werk onder toestande van onvolmaakte mededinging – dit stel hulle in staat om uitset te beperk, pryse te verhoog en te produseer op vlakke waar prys marginale koste oorskry. ✓✓
- Die uitkoms is ’n onvoldoende toewysing van hulpbronne, omdat slegs dié wat kan bekostig om dit te betaal, toegang tot sekere goedere en dienste het. ✓✓
- Onder onvolmaakte mededinging vind markmislukking plaas omdat onvolmaakte markte versuim om tegniese en toewysende doeltreffendheid te bereik. ✓✓
- Die volgende faktore veroorsaak onvolmaakte mededinging: Moderne markte maak nie voorsiening vir prysonderhandelinge nie, verbruikers moet die pryse betaal wat produsente vra. ✓✓
- Advertensies bevorder die superioriteit van sekere produsente. Hindernisse voorkom nuwe besighede om markte te betree – volle aanpassings aan veranderinge in vraag word voorkom. ✓✓

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

- Die bekendstelling van nuwe, verbeterde produkte word vertraag, byvoorbeeld die tegnologie om motors te vervaardig wat nie deur fossielbrandstowwe aangedryf word nie, is reeds beskikbaar. Maar die olieprodusente en gebrek aan kapitaal vertraag die proses. ✓✓

Onvolmaakte verdeling van inkomste en rykdom ✓

- Die markstelsel is geneig om inkomste en rykdom oneweredig te versprei. ✓✓
- Aangesien die mark slegs belangstel in die vervaardiging van goedere vir diegene wat dit kan bekostig, lei die ongelyke verdeling van inkomste daartoe dat min mense te veel goedere, en baie te min het. ✓✓
- As gevolg van ’n gebrek aan vaardighede, opvoeding en onvolmaakte inligting, kan sekere individue nie inkomste verdien wat nodig is om ’n ordentlike lewenstandaard te bereik nie. ✓✓
- Lae inkomste lei tot ’n onvermoë om rykdom op te bou. ✓✓
- As die aanvanklike verdeling ongelyk is, sal die finale verdeling ook ongelyk wees. ✓✓
- Die mark slaag nie daarin om te verseker dat almal in die samelewing te gelyke toegang tot die uitsette van die ekonomie het nie. ✓✓
- Te veel hulpbronne word gebruik om uitsette vir die ryk lede van die samelewing te produseer, en te min vir dié wat arm is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord.)
(Ken ’n maksimum van 8 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)

ADDISIONELE GEDEELTE

Evalueer die belangrikheid van KVO op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

- Mark misluk as gevolg van onvanpaste toewysing van hulpbronne en KVO poog om projekbeoordeling reg te stel om markmislukking te vermy. ✓✓
- ’n Behoefte aan koste-voordeel-ontleding ontstaan in gevalle van markmislukking waar die regering poog om dienste te lewer wat nodig is. ✓✓
- Om te verseker dat koste en voordele in ag geneem word voordat die regering met ’n groot projek begin, byvoorbeeld paaie en brûe ens. ✓
- Om te bepaal of die nuwe projek haalbaar sal wees, neem in ag dat sosiale voordele meer as sosiale koste is. ✓✓
- Om objektiewe besluite te neem aangesien dit subjektiwiteit in besluitneming verwyder omdat alle besluite op praktiese feite gebaseer is. ✓✓
- Verseker ekonomiese doeltreffendheid in hulpbrontoewysing en skakel vrugtelose uitgawes uit. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde-reaksie.)
(’n Maksimum van 4 punte sal vir blote notering/feite toegeken word.) (Maks. 10) (10)

GEVOLGTREKKING

Die regering moet ingryp om hierdie markte te help om beter te funksioneer en ’n billiker verdeling van rykdom en inkomste te bevorder om die lewenstandaard in die land te verbeter. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde gevolgtrekking.) (Maks. 2) (2)

[40]

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 6: KONTEMPORERE EKONOMIESE KWESSIES

Bespreek in detail die maatreëls om vraagtrek-en kostedruk-inflasie te bekamp.
(26 punte)
Ontleed die impak van direkte buitelandse belegging op prysstabiliteit.
(10 punte)

INLEIDING

Inflasie verwys na die algemene stygings in pryse oor 'n tydperk. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (2)

LIGGAAM: HOOFDEEL

VRAAGTREK-INFLASIE

Fiskale beleid ✓

- Dit is stappe wat die minister van finansies geneem het om inflasie te bekamp deur beleide vir belasting en uitgawes. ✓✓
- Verhoging van direkte belasting om besteebare inkomste te verminder en buitensporige vraag na goedere en dienste te verminder ✓/ bv. LBS ✓
- Vermeerdering van indirekte belasting soos BTW en aksynsbelasting kan verhoog word om pryse van spesifieke produkte te verhoog om die vraag na goedere en dienste te laat afneem. ✓✓
- 'n Leningsheffing kan ingestel of verhoog word en dit sal krediet ontmoedig en tot verminderde hoeveelheid geld in omloop lei. ✓
- Staatsbesteding kan verminder word deur sommige van die regeringsprojekte uit te stel; ✓✓ bv. die bou van HOP-huise, skole en besproeiing van damme. √
- Finansiering van die begrotingstekort op 'n nie-inflasionêre basis ✓✓ bv. lenings van die nie-banksektor. ✓✓
- Die instelling van 'n toeslag op ingevoerde goedere wat die pryse van ingevoerde goedere (veral luukse items) sal verhoog sodat mense minder goedere koop. ✓✓
- Implementering van maatreëls om produktiwiteit te verbeter, soos belastingkorting aan besighede. ✓✓

Monetêre beleid ✓

- Verhoog die repokoers om die beskikbaarheid van krediet te verminder. Banke sal op hul beurt rentekoerse daardeur verhoog, wat dit duurder maak om geld te leen. ✓✓
- Verhoogde rentekoerse kan ook spaar aanmoedig en sodoende die vraag van goedere en dienste verminder en die van die bedrag geld in omloop verminder. ✓✓
- Afname in geldvoorraad deur middel van opemarktransaksies deur staatseffekte te verkoop. ✓✓
- Toenemende bank kontantreserwe-vereiste om die geld beskikbaar vir uitleen aan hul kliënte te verminder. ✓✓

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

KOSTEDRUK-INFLASIE

Produktiwiteit ✓

- Verhoging van produktiwiteit deur beter onderwys en opleiding/ vaardighedesontwikkeling en die ondersteuning van tegnologiese ontwikkelings ✓✓
- Loonverhogings moet met produktiwiteitsverhogings gepaard gaan. ✓✓
- Beskerming van mededinging (deur die Mededingingskommissie). ✓✓
- Aanmoediging van persoonlike spaargeld wat beleggings moontlik maak, verhoog die voorsieningskant van die ekonomie. ✓✓

Ander maatreëls om te oorweeg

- Prysbeheer kan gebruik word deur die prys van sekere noodsaaklike goedere vas te stel, die regering verseker hulle bekostigbaar bly. ✓✓
- Strenger voorwaardes vir verbruikerskrediet waarvoor die regering dit moeiliker maak vir verbruikers om krediet te kry om hul besteding te beperk. ✓✓
- Invoerkontroles kan verslap word om die uitvloei van geld uit die ekonomie wat die hoeveelheid geld in omloop sal verminder. ✓✓
- Swewende wisselkoerspryse word outomaties aangepas na internasionale voorwaardes. ✓✓
- Indeksering van ʼn beleid om pryse van items soos lone, pensioene en verbandrentekoerse tot prysindekse te voeg om die gevolge van inflasie teen te werk. ✓✓

(Ken ʼn maksimum van 8 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde.)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 26) (26)

ADDISIONELE GEDEELTE

Ontleed die impak van direkte buitelandse belegging op prysstabiliteit.

- Verhoog die produksie van goedere en dienste wat die totale toename in aanbod sodoende pryse stabiliseer. ✓✓
- Bring meer doeltreffende produksietegnieke wat produksiekoste sal verlaag, wat kostedruk-inflasie vertraag. ✓✓
- Verhoog mededinging in plaaslike markte wat plaaslike pryse laag sal hou, die rand versterk deur hoër uitvoervolumes wat help om die koste van die invoer van produksie-insette soos ru-olie te verlaag. ✓✓
- Verbetering van tegnologie in produksie wat produktiwiteit verhoog en sodoende kostedruk-inflasie verminder. ✓✓
- Die skep van meer werksgeleenthede sodoende verbruikersbesteding stimuleer wat tot vraag-inflasie bydra. ✓✓
- Toenemende uitgawes aan kapitaalgoedere soos masjinerie en toerusting lei tot ʼn groter totale vraag. ✓✓
- Verhoging van reële lone meer as binnelandse belegging, wat lei tot kostedruk-inflasie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoë-orde-reaksie.)
(ʼn Maksimum van 4 punte sal toegeken word vir blote notering/feite.) (Maks. 10) (10)

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

GEVOLGTREKKING

Hoë inflasiekoerse veroorsaak swaarkry onder die armes, werkloses, lae inkomste verdieners; behoorlike maatreëls om dit te beheer moet in plek gestel word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoëorde gevolgtrekking.) (Maks. 2) (2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za